NG Kerk in KZN

Sinodale Ondersteuningspan

POSBUS 649, PIETERMARITZBURG, 3200
TEL: 033-345 2276/77/94
FAKS: 033-345 2295
E-POS: DORETHA@NGKZN.ORG.ZA

AAN: ALLE KERKRADE EN PREDIKANTE VAN NATAL

Datum: 6 Desember2023 Ons verwysing:persdoretha/vergoeding/2024/25

Geagte Broers en Susters

ONDERWERP: VERGOEDINGSPAKKET VIR LERAARS VANAF 1 MAART 2024

Die Sinodale Ondersteuningspan (SOS) gee graag die volgende jaarlikse vergoedingsriglyne vir leraars vir die tydperk 1 Maart 2024 – 28 Februarie 2025 deur aan kerkrade. Hierdie riglyne is in ooreenstemming met die Natalse Sinode besluite van 2002 en gegrond op die riglyne van die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) in oorleg met Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB).

Sien punt 14 van hierdie brief om baie geld vir julle gemeente te spaar!

1. BESLUITE VAN DIE ALGEMENETAAKSPAN PREDIKANTESAKE (ATP)

1.1. Hiermee bring ons die besluite van die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) in oorleg met Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB) onder u aandag.

1.2 **NEEM KENNIS: Vergoeding van leraars moet binne die grense van hierdie riglyne vasgestel word.** Indien die gemeente om enige rede van enige van hierdie riglyne af wyk, MOET dit gebeur met wedersydse onderhandeling met die leraar en in oorleg van die Ring of sy gevolmagtigde. Geen ooreenkomste met die Leraar geld tot benadeling van sy of haar regte, sonder dat hierdie prosesse gevolg is nie. Die Gemeente en Ring moet weet dat hulle dus volgens die Arbeidswet regsaanspreeklik gehou kan word indien hierdie prosedures nie gevolg is nie. Redes vir afwyking moet deur die Gemeente en die Ring geboekstaaf word en aan die SOS gestuur word. Enige afwyking van hierdie riglyne, in oorleg met die Ring, is ook net 'n tydelike reëling en moet jaarliks hersien word. In gevalle waar Kerkrade finansieel nie in staat is om die aanbevole verhoging te bekostig nie, is die kerwe die basis vir onderhandeling ooreenkomstig Kerkorde Artikel 13. Die veronderstelling is weereens dat ’n **vermindering** in salaris, of geen verhoging vir ’n jaar, slegs oorweeg word as tydelike maatreël in krisis gevalle, en met inagneming van dienskontrakte en arbeidswetgewing. In so ’n geval **moet** met die onderhandelinge in oorleg met die plaaslike Ring plaasvind.

1.3 Kerkrade en leraars *moet asseblief* daarop gewys word, dat die voorskrifte van die Kerkorde, naamlik Artikel 12 en 13, asook Bep. 13.1 van KZN, hiermee in ag geneem moet word. Reglement 2, 9.4 moet ook in ag geneem word in terme van die rol van die Ring in terme van die Leraar se Diensooreenkoms: *Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde.*

1.4 Indien daar ’n onbillike ooreenkoms of uitvoering van ’n ooreenkoms is, behoort die verteenwoordigers van die Ring daaroor met die Kerkraad in gesprek te tree.

2. TOTALE KOSTE VIR INDIENSNEMING

2.1 Die "Totale Koste vir Indiensneming" (TKVI) vir die werkgewer (dit wil sê, die totaal aan uitgawes van die pos vir die werkgewer) bestaan uit die volgende:

Vergoeding:

- Traktement (sien punt 3)
- Behuisingstoelae / gratis huisvesting (sien punt 5)
- VBO (sien punt 6)
- Pensioenfonds, verkieslik op die bydrae vlak van minstens 19,2% (punt 8)
- Risikoversekering (sien punt 9)
- Mediesefondsbydrae (sien punt 10)

Ander kostes:

- Motor toelae of gemeente voertuig (sien punt 4)
- Vakman gereedskap (sien punt 7)
- statutêre betalings (WVF – sien punt 11)

3. TRAKTEMENT

3.1 Verhoging

Die ATP het besef dat daar oor die jare groot spronge tussen die Kerwe ontstaan het en wil dit met hierdie aanpassing regstel. Dit sal veroorsaak dat daar 'n gelykmatige verhoging tussen al die Kerwe sal bestaan. As gevolg van hierdie regstelling (presies 5% tussen Kerwe) stel die ATP voor dat daar hierdie jaar geen Kerf verhogings sal plaasvind nie, met ander woorde, indien die Leraar in 2023/24 op Kerf 5 is sal die Leraar in 2024/25 steeds op Kerf 5 bly. Die rede hiervoor is die drastiese, eenmalige, aanpassings veral op Kerf 3-7. Elke Predikant kry dus slegs 'n % verhoging en NIE 'n Kerf aanpassing ook nie. **In gevalle waar dit nie moontlik is om hierdie % verhoging te gee nie, MOET die kerkraad voldoen aan punt 1.1 - 1.4.**

3.2 Die minimum verhoging vir 2024/2025, is soos volg:

Kerf	Traktement per jaar.2023-2024	Traktement per jaar (13 paaiemente)	Kerf	Traktement per maand 2024-2025	Traktement per jaar 13e Tjek 2024/25	% aanpas	% tussen kerwe
1	17,490	227,370	1	**18,015**	234,191	**3.0**	
2	18,147	235,914	2	**18,915**	245,901	**4.2**	5
3	18,380	238,945	3	**19,861**	258,196	**8.1**	5
4	19,122	248,591	4	**20,854**	271,105	**9.1**	5
5	19,854	258,099	5	**21,897**	284,661	**10.3**	5
6	20,787	270,226	6	**22,992**	298,894	**10.6**	5
7	22,218	288,829	7	**24,141**	313,838	**8.7**	5
8	23,638	307,294	8	**25,348**	329,530	**7.2**	5
9	24,906	323,778	9	**26,616**	346,007	**6.9**	5
10	26,418	343,434	10	**27,947**	363,307	**5.8**	5
11	27,930	363,090	11	**29,344**	381,473	**5.1**	5
12	29,421	382,473	12	**30,811**	400,546	**4.7**	5
13	30,944	402,266	13	**32,352**	420,574	**4.6**	5
14	32,445	421,785	14	**33,969**	441,602	**4.7**	5
15	33,947	441,305	15	**35,668**	463,682	**5.1**	5
16	35,448	460,824	16	**37,451**	486,866	**5.7**	5
17	36,700	477,100	17	**39,324**	511,210	**7.1**	5

Voorbeeld:
Ds A was in die boekjaar 2023/24 op Kerf 9. In die boekjaar 2024/25 sal Ds A weer op Kerf 9 wees, maar Ds A sal 6.9% verhoging ontvang.

Ds B was in die boekjaar 2023/24 op Kerf 5. In die boekjaar 2024/25 sal Ds B weer op Kerf 5 wees, maar Ds B sal 10.3% verhoging ontvang.

Ds C was in die boekjaar 2023/24 op Kerf 16. In die boekjaar 2024/25 sal Ds C weer op Kerf 16 wees, maar Ds C sal 5.7% verhoging ontvang.

Van 2025/26 af behoort al die Kerwe dan presies dieselfde % verhogings ontvang terwyl daar tussen die Kerwe ook ’n presiese % verhoging sal wees.

Ons weet dat die Gemeentes ook jaarliks die voorgestelde verhoging vir Leraars gebruik vir al hulle ander personeel, vir 2024/25 stel ons dus voor dat die Gemeentes die gemiddeld vir al die verhogings hiervoor gebruik, naamlik 6.5%.

3.3 **Onderhandelinge**

3.3.1 Dienskontrakte en beroepsbriewe moet voorsiening maak vir jaarlikse aanpassings, wat met inagneming van die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) en die KZN Vergoedingsriglyne onderhandel word.

3.3.2 Indien gemeentes slegs "volgens die sinodale skaal" vergoed, is die verwagting dat ’n leraar jaarliks volgens die volgende kerf vergoed word, totdat die topkerf bereik is.

3.3.3 Die Kerkraad mag ook met die Leraar wat beroep word onderhandel om op een van die Kerwe aangestel te word sonder dat die Leraar kan aanspraak maak om Kerf aanpassings te kry, natuurlik inaggenome die finansiële posisie van die Gemeente.

3.3.4 Die finale vergoeding waarop elke Kerkraad en leraar(s) ooreenkom, moet ’n balans probeer vind tussen die finansiële vermoë van die Kerkraad, die verwagtinge en behoeftes van die leraar(s) en die diensooreenkoms tussen die leraar(s) en die Kerkraad. (Sien ook punt 1.2 -1.4)

3.4 **Kontrakposte en Emeritus Leraars**
Die minimum kerf vir Leraars, kontrakposte en Emeritus Leraars is kerf 1, ingeslote ook ‘n 13de tjek. 1.1-1.4 hierbo geld dus ook hier.

4. VOERTUIG EN VERVOERTOELAE

4.1 **LET WEL:** Onderstaande is slegs vir begrotingsdoeleindes, die nuwe syfers sal eers beskikbaar wees na die begrotingsrede (sien 4.2.2).

Die voertuig- en vervoer toelae word in twee komponente verdeel, naamlik:
Een: Die **vaste koste**, motor waarde.
Twee: Die **lopende koste**.

4.2 **Berekening van die voertuig en vervoer toelae 6.5% verhoging:**

Vaste Koste per jaar	**2024/25**
Voertuig waarde	**200,000-300,000**
	R 92,610.00

Voertuig waarde	**200,000-300,000**
Lopende Koste per jaar	**(247.2c) (Sien 4.2.2)**
Loop Koste @ 12000 km	**R 29,664.00**
Loop Koste @ 18000 km	**R 44,496.00**
Loop Koste @ 24000 km	**R 59,328.00**

Dus: Voertuig waarde: 200,000-300,000:

Aantal Km	Lopende Koste	Vaste Koste	Totaal	Per Maand	Verhoging per maand
12 000	R 29,664.00	R 92,610.00	R 122,274.00	R 10,189.50	R 622.00
18 000	R 44,496.00	R 92,610.00	R 137,106.00	R 11,425.50	R 679.50
24 000	R 59,328.00	R 92,610.00	R 151,938.00	R 12,661.50	R 773.00

4.2.1 Afhangende van omstandighede, kan die aantal kilometers per jaar en voertuig waarde, wat deur die Kerkraad vergoed word, verskil. Die reistoelae wat deur verskillende gemeentes betaal word, sal derhalwe ook verskil.

4.2.2 SAID se finale Vaste- en Lopende koste syfers sal na die Begrotingsrede hier beskikbaar wees: www.sars.gov.za (kies dan): Legal Counsel / Secondary Legislation / Income Tax Notices / 2024 / Fixing of rate per kilometre in respect of motor vehicles.

4.2.3 Die gemiddelde aantal kilometers vir ’n gemeente predikant word steeds as 18 000 kilometer per jaar geag.

4.2.4 Kerkrade wat van mening is dat hulle predikant(e) minder of meer as die gemiddelde 18 000 kilometer per jaar ry, en of 'n voertuig in 'n ander prysklas moet ry, kan die volgende prosedure volg:

4.2.4.1 Die Finansiële Kommissie of Diensverhouding kommissie en die predikant(e) onderhandel oor ’n billike gemiddelde aantal kilometers en tipe voertuig wat benodig word. Belangrike dokumente in hierdie gesprek, is die predikant se beroepsbrief/kontrak, logboek en/of sy/haar inkomstebelasting opgawe van die vorige jaar.

4.2.5 Ons wil predikante net daaraan herinner dat die byhou van ’n logboek nou ’n vereiste van SAID is vir die terugeis van belasting op besigheidskilometers.

4.2.6 4.1-4.4 geld ook ten opsigte van kontrakposte of Emeritus Leraars.

4.3 **Reiskoste: vergaderings**

Reiskostes vir 2024/25 word vir amptelike vergaderings vasgestel op: **R3,00 PER KM.**

5. BEHUISINGSTOELAE / GRATIS HUISVESTING

5.1 **Behuisingstoelae**

5.1.1 Dit is uiteraard moeilik om ’n algemene riglyn vir die behuisingsvoordeel te voorsien, aangesien daar wesenlike verskille in die geografiese en ander omstandighede van gemeentes en individue voorkom. Die huurkoste vir ’n doelmatige woning (bereken op ongeveer 230m^2 woning) in die grense van die gemeente, plus ’n billike bydrae vir die munisipale rekening vir ’n gemiddelde huishouding in daardie omgewing, kan hier as norm gebruik word vir die berekening van hierdie toelae.

5.1.2 Die belasbare waarde van ’n gratis pastorie word soos volg bereken:

(A – B) x C/100 x D/12, waar:

- A = Die vorige boekjaar se syfers van Traktement & Bonus – (minus) die vorige jaar se belasbare verblyf bedrag.
- B = R91,250.00 (Die bedrag is gelyk aan die belastingdrempel vir persone onder 65 jaar oud)
- C = 18
- D = aantal maande wat die huis bewoon is.

5.2 **Verblyfkoste**

5.2.1 Vir die bywoon van vergaderinge deur lede van Spanne/werksgroepe en die uitvoer van ander ampspligte deur funksionarisse van die Sinode, word alle reëlings vir verblyf deur die kantoor van die Sinode hanteer. Indien daar nie tydig van die Kantoor se diens gebruik gemaak word nie, of eie reëlings getref word, wat duurder is as wat die Kantoor sou kon beding, moet persone self die verskil dra.

6. VBO - VOORTGESETTE BEDIENINGS OPLEIDING

Die werkgewer moet ook jaarliks begroot vir die Predikant se verpligte, voortgesette bedienings opleiding. Die Sinode van NG Kerk in KZN doen ‘n ernstige beroep op Kerkrade om ook voorsiening te maak in hulle begrotings dat alle Leraars die jaarlikse predikante kursus kan bywoon. Hierdie kursus woord nie as ‘n opsionele kursus gesien nie.

7. AMPTELIKE UITGAWES/VAKMAN GEREEDSKAP (“TOOLS OF THE TRADE”)

Aangesien geen ander toelaes enige belastingverligting inhou nie, is dit belasting voordelig vir die werknemer om, in onderhandeling met die werkgewer, die nodige vakman gereedskap wat hy of sy nodig het vir die uitvoering van sy/haar taak in die gemeente, deur die werkgewer te laat voorsien. Geen belasting is betaalbaar op vakman gereedskap wat:

- uitsluitlik vir ampsdoeleindes gebruik word, en
- aan die einde van die bruikbare lewe daarvan aan die werknemer verkoop word teen reswaarde.
  Hierdie toelae sluit onder andere die volgende in:
  - Doelmatige rekenaar
  - Internet-verbinding
  - Billike kommunikasie toelaag (wat vaste lyn en/of sellulêre telefone kan insluit)

Hierdie uitgawes (soos amptelike uitgawes vir onthaal-, rekenaar-, boeke-, telefoon- en dergelike kostes), kan ook per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis word, òf direk deur die werkgewer vereffen te word.

8. PREDIKANTE PENSIOENFONDS (PPF)

8.1 Die Predikante Pensioenfondsbydraes word direk vanaf die pensioenfonds aan die kerkkantore gestuur. Alle dokumentasie hieroor en vele meer oor pensioen kan gekry word op http://www.ppfkaapkerk.co.za.

Gemeentes word versoek om hulle leraars op die bydrae vlak van minstens 19,2% te plaas.

Ons bly bekommerd oor die aftreevoordele van predikante. Die algemene gebruik by Pensioenfondse is dat lede behoort af te tree met ’n pensioen gelykstaande aan 70-80% van finale vergoedingspakket. Die situasie by predikante is egter dat hulle aftree met ’n pensioen van slegs 40-50% van die vergoedingspakket. Die rede daarvoor is dat predikante se pensioenbydraes gegrond word op slegs die amptelike traktement skale plus bonus. Die ander byvoordele soos motor, behuising en telefoon is tans nie pensioendraend nie. Dit plaas predikante wat aftree in ’n swak finansiële posisie en daarom word werkgewers aangemoedig om bydraes te verhoog na ’n hoër vlak.

Die pensioenfonds maak tans voorsiening dat gemeentes en lede om op verskillende vlakke tot die Pensioenfonds kan bydrae. Die situasie kan soos volg opgesom word:

Bydrae vlak	*Moontlike pensioen as persentasie van finale vergoeding*
16.8%	40%-50%
19.2%	Ongeveer 60%
21.5%	Ongeveer 70%

Aanbeveling van die Sinodale Ondersteuningspan in KZN aan werkgewers: Alle lede en werkgewers behoort daarna te streef om hulle bydraes tot die pensioenfonds te verhoog na die 21.5% bydrae vlak.

8.2 ADDISIONELE VRYWILLIGE BYDRAES TOT DIE PPF.

Vanaf 1 Maart 2016 is werkgewer- en werknemer bydraes tot 'n aftreefonds, wat bydraes tot annuïteite insluit, tot en met **27,5%** van 'n lid se belasbare inkomste kwytgestel van belasting. Die bedrag kwytgestel van belasting word egter beperk tot R350,000.00 per jaar. Aktiewe bydraende lede word aangemoedig om addisionele, belastingvrye en vrywillige bydraes tot die PPF te maak. Sodanige aksie sal daartoe bydra dat lede ''n finansieel onafhanklike aftrede kan geniet. Voldoende aftree voorsiening bly die verantwoordelikheid van die individu.

9. RISIKO VERSEKERING

9.1 Gekoppel aan die Pensioenfonds is ook die **Kaapse Groepsversekering** en gade versekering. Die premie word ook deur die Pensioenfonds verskaf, waarvan die helfte deur die predikant en die helfte deur die gemeente betaal word. Die gade versekering word ten volle deur die predikant betaal. Die gemeente kontribusie, die predikant se bydrae asook die groep versekeringspremie word maandeliks per debietorder deur die pensioen kantoor in Kaapstad direk van die gemeente se bankrekening gevorder, waar die gemeente self die salaris administrasie behartig, of vanaf die sinodale bankrekening, vir die leraars wie se salaris administrasie daar hanteer word.

10 MEDIESEFONDS BYDRAES – VERPLIGTE BYDRAES

10.1 Die werkgewer se bydrae tot die premie van die mediesefonds is gekoppel aan die volgende faktore:
a. Die ouderdom van die lid,
b. 15% van die pensioengewende besoldiging soos vasgestel deur die Predikante Pensioenfonds (PPF).
c. Die werkgewer betaal ook die Administratiewe heffing.

Verduideliking:
Die Gemeente se bydraes het niks te make met die predikant se "ware" traktement nie maar met die "Pensioengewende besoldiging" soos deur die PPF vasgestel en ook die ouderdom van die Leraar. Die tabelle hieronder is dus reeds volgens die Leraars se ouderdom vasgestel. Die Gemeentelike bydrae tot die mediesefonds van die Leraar is dus in die kolom "Totale koste vir werkgewer".

Voorbeeld 1:
Gestel die Leraar se totale paaiement by die mediesefonds is R 9000,00 en die Leraar is op 1 Jan 2024 reeds 39, dan betaal die Gemeente R 5,745.00 + R 65.00 Admin en die Leraar (R 9000,00 – R 5,745.00) R 3,255.00.

Voorbeeld 2:
Gestel die Leraar se totale paaiement by die mediesefonds is R 4,400.00 en die Leraar is op 1 Jan 2024 reeds 39, dan betaal die Gemeente die volle bedrae van R 4,400.00 + R 65.00 Admin en die Leraar niks omdat die Gemeente bydrae meer is as wat die Mediesefonds bydrae is. Dis verskil word egter nie aan die Leraar uitbetaal nie.

Die Gemeente sal dus nooit meer betaal as die "Totale koste vir werkgewer" nie, maar kan minder betaal afhangende van die Leraar se verkose Mediesefonds en opsie. Kontak gerus die kantoor om meer oor die verskillende Mediesefondse en opsies uit te vind.

Werkgewersbydrae vir predikante: 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025

Ouderdom op 1 Jan 2024		Bydrae tot premie	Administratiewe heffing	Totale koste vir werkgewer-
34 en jonger		R 4,375.00	R 65.00	R 4,505.00
35		R 4,650.00	R 65.00	R 4,715.00
36		R 4,920.00	R 65.00	R 4.985.00
37		R 5,195.00	R 65.00	R 5,260.00
38		R 5,470.00	R 65.00	R 5,535.00
39		R 5,745.00	R 65.00	R 5,810.00
40		R 6,015.00	R 65.00	R 6,080.00
41		R 6,290.00	R 65.00	R 6,355.00
42		R 6,560.00	R 65.00	R 6,625.00
43 en ouer		R 6,840.00	R 65.00	R 6,905.00

Aftrekkings ten opsigte van mediese fonds bydraes vir SAID: https://www.sars.gov.za/types-of-tax/personal-income-tax/medical-credits/

11. WERKLOOSHEIDSVERSEKERING& ONGEVALLE VERSEKERING

Statutêre betalings (WVF en Ongevalleversekering) vorm deel van die TKVI en die Werkgewer is verantwoordelik om sy aandeel oor te betaal soos jaarliks bepaal deur wetgewing.

1. Werkloosheidsversekering is 1% deur die werkgewer en 1% deur die werknemer van die inkomste met 'n maksimum van R177,12 elk.
2. Ongevalle versekering word deur die werkgewer betaal soos bepaal deur die Ongevallekommissaris.

12. ANDER PERSONEEL VAN GEMEENTES

Die gemeentes kan dieselfde verhoging gebruik vir hulle personeel as wat die gemiddelde verhoging vir Leraars is, vir 2024/25 is dit 6.5%.

13. DIENSTE GELEWER AAN DIE SINODE

Ons wil vir gemeentes dankie sê dat hulle bereid is om hulle Leraars se tyd ook soms te deel met die Sinode vir Sinodale werk. Om hierdie rede vergoed die KZN Sinode ook dan gemeentes indien hulle Leraar tyd spandeer vir vergaderings en Sinodale werksaamhede. Vir 2024/25 vergoed die KZN gemeentes soos volg per vergadering:

Voorsitter:	R 1000.00
Skriba:	R 1200.00
Lid:	R 800.00

14. FINANSIËLE DIENSTE GELEWER DEUR DIE SINODE

Die KZN Sinode wil graag Gemeentes help en lewer die volgende dienste aan gemeentes:

- Administratiewe dienste wat insluit salaris administrasie. Neem asseblief kennis dat die salaris administrasie 'n volledige diens is, naamlik alles wat in hierdie dokument vervat is en gewoonlik deur 'n Kerkkantoor behartig sou moes word. Indien dit deur Kerkkantoor personeel gedoen word, MOET die personeel daarvoor opgelei wees en oor die nuutste wetgewing ten opsigte van bv. SAID ingelig wees.

Ons wil met hierdie skrywe ook baie dankie sê aan alle Gemeentes en instansies wat met groot verantwoordelikheid na die finansiële versorging van hulle Bedienaars van die Woord en ander personeel omsien, dikwels onder baie moeilike finansiële omstandighede. Ons vertrou dat bogenoemde riglyne sal meewerk dat die kerk steeds met verantwoordelikheid en met deernis die bedienaars van die Woord en ander personeel sal versorg.

Met seënwense.



Ds.PJ (Petrus) Botha
Voorsitter: Sinodale Ondersteuning Span